

VOORBEELD VAN 'N KERSFEES-ROLLESPEL

Hierdie Kersfees-rollespel word opgevoer deur gemeentelede, kinders en/of volwassenes. Dit is opgestel deur ds Etienne Fourie.

- Gebruik verkieslik die liturgiese ruimte of die verhoog van die saal wat in elke geval in drie dele verdeel is.
- Probeer om vooraf in die kerk of saal 'n rustige atmosfeer te skep, met gedempte ligte en gepaste voorspele.
- Sorg dat die onderskeie rolspelers hul woorde goed ken sodat daar nie iets is wat afbreuk doen aan die geleentheid nie. Verduidelik aan die kinders dat hulle in wese die evangelie gaan verkondig met dit wat hulle gaan doen of opvoer.
- Sorg dat die verloop van die program vir die gemeente beskikbaar is en verduidelik dit sodanig dat alles sonder enige aankondigings kan verloop.
- Baie dekor is nie nodig nie, net 'n paar stukke dekor sal effektief genoeg wees.
- Wees versigtig as die kleiner kinders met brandende kerse loop.
- Dominees speel ook 'n rol in die stuk. Hulle tree op as interpreteerders van die gebeure wat afspeel. Hulle skets die agtergrond waarteen die geboorte plaasvind en roep aan die einde van die stuk in 'n kort preek die gemeente op om die Kindjie te ontmoet.
- Sorg dat almal in die gemeente duidelik sal kan hoor wat gebeur.

Verloop

Predikant: Votum en seën of doen 'n gebed waarin gevra word om God se seën by die samekoms van sy gemeente.

Die predikant verduidelik iets van die smagting wat daar by Israel was dat die Messias moes kom...

Toneel 1

Aankondiging van Jesus se geboorte: Maria en die engel – Lukas 1: 26-38

Toneel speel af aan een kant van die kerk of verhoog.
(Indien moontlik, kan beligting so gebruik word dat die kant duideliker verlig is as die res.)

Dialog

Maria sit op 'n stoel en is besig met 'n handwerk.
Skielik kom daar 'n engel op die toneel en praat met Maria.

Engel: *Ek groet jou, Maria! Die Here is by jou!*

Maria: (Skrik en kyk bang na die engel.) *Wie is u en waarvandaan kom u?*

Engel: *Moenie skrik nie, Maria. Die Here het my gestuur. Hy het 'n baie spesiale werk vir jou.*

Maria: (Kyk 'n rukkie na die engel en sê dan sag:) *Die Here het jou na my toe gestuur? Watter werk kan ek tog doen? Ek is nog jonk en ek is nie sterk nie. Ek is nie belangrik genoeg vir 'n belangrike werk vir God nie.*

Engel: *Moenie bang wees nie, Maria. Die Here wil jou gebruik in sy diens. Jy sal 'n seuntjie in die wêreld bring en dan moet jy Hom Jesus noem.*

Maria: *Waarom moet ek Hom so noem? Gaan Hy dan 'n spesiale kind wees?*

Engel: *Ja, Hy is die Seun van God. Hy gaan die een wees wat sy volk van hul sonde verlos. Hy is die Christus, wat deur God gestuur is.*

Maria: (Dink 'n rukkie en sê dan:) *As dit dan is wat die Here wil hê, dan is ek beskikbaar om deur Hom gebruik te word.*

(Engel verlaat toneel. Maria stap na middel van verhoog en sing:)

Maria sing as solo of saam met 'n sanggroep in die agtergrond: Beryming van Lukas 1: 46-56 of Gesang 329.

*Ek sing van al u grootheid, my Here en my God.
U is ook my Verlosser, en U bepaal my lot.*

*God bied my sy ontferming, o heilig is sy Naam.
Geslagte roem sy dade en jubel in sy Naam.*

(Sing die woorde op die melodie van Gesang 374.)

Maria verlaat toneel.

Gemeente sing Gesang 349: *Kom kinders besing met 'n vrolike stem...*
(Met die sing van die lied kom die groep herders in.)

Toneel 2

Skaapwagters en die engel in die veld – Lukas 2: 1-12

Toneel waar engel aan skaapwagters verskyn aan die ander kant van die verhoog. Daar kan prente van skape wees wat tussen die herders staan as dekor.

Skaapwagter 2: *Ons sal die skape maar goed moet oppas. Hier is baie wilde diere in die veld. Ek het nou-nou weer 'n jakkals hoor skreeu. Dit was somer hier naby.*

Skaapwagter 3: *Die gras word al minder hier rond. Miskien moet ons môre Betlehem se kant toe loop om meer gras te soek. Dit lyk vir my groener daarnatoe.*

Skaapwagter 1: *Ja! Het julle gesien hoe baie mense is op pad Betlehem toe? Ek hoor die hele volk moet glo getel word.*

Skaapwagter 2: *Ja, Augustus, die Keiser, het mos so beveel. Hy wil weet hoeveel mense bly in die land.*

('n Engel kom van agter af vinnig op die toneel. Die skaapwagters skrik groot en gaan staan eenkant bymekaar.)

Engel: *Moet nie bang wees nie! Ek bring vir julle goeie nuus waaroor julle baie bly sal wees!*

(Die skaapwagters staan nog nader aan mekaar.)

Engel: *Luister mooi: Die Verlosser, Christus die Here, is vandag gebore. Gaan dadelik Betlehem toe en daar sal julle 'n kindjie kry wat in doeke toegedraai is en wat in 'n krip lê.*

(Die skaapwagters kyk verbaas na mekaar en dan weer na die engel.)

Gemeente sing Gesang 368: 1 en 2: *Wyl herders by hul kudde wag...*
(Tydens die lied kom die groot groep engele ook binne.)

Engele sing Gesang 367: *Ere aan God...*
(Gemeente en engele kan mekaar afwissel.)

Gemeente sing Gesang 365: 1 en 2: *Hoor die blye engellied...*

Gesprek van die skaapwagters onder mekaar oor die boodskap van die engele: Lukas 2: 15.

Skaapwagter 4: *Ek kan dit nie glo nie! Dit voel asof ek gedroom het! Dink julle dit is waar? Is die Kindjie werklik gebore?*

Skaapwagter 3: *Dit is waar! Jy het nie gedroom nie. Die engele was beslis hier. Ek dink die profete se woorde het waar geword.*

Skaapwagter 4: *Kom ons gaan reguit Betlehem toe om te sien wat daar gebeur het.*
(Herders verlaat die toneel of beweeg nader aan die stal.)

Gemeente sing: Gesang 353: 1 en 2: *Die Heiland is gebore...*

Toneel 3

Skaapwagters by Maria en Josef en die kindjie – Lukas 2: 16-20

Die toneel moet verkieslik in die middel van die kerk of verhoog afspeel. Probeer 'n eenvoudige stal bou met 'n krip waarin 'n toegedraaide pop lê. Maria sit langs die krip. Josef sit ook op 'n hooibaal. Daar kan ook prente van ander diere in die stal wees.

Maria: *Josef, ons moet Hom Jesus noem.*

Josef: *Waarom sê jy so, Maria?*

Maria: *Die engel Gabriël het 'n hele klompie maande gelede aan my verskyn in Nasaret. Hy het gesê die baba wat ek gaan hê, moet ons Jesus noem, want Hy is die Verlosser, die Seun van God.*

Josef: *Ek het jou nooit vertel nie, maar 'n engel van die Here het ook aan my verskyn en vir my gesê dat jy 'n babatjie in die wêreld gaan bring. Hy het ook gesê dat ons Hom Jesus moet noem, want dit is Hy wat sy volk gaan verlos.*

Maria: So, 'n engel van die Here het ook met jou gepraat?

Josef: Ja, dit is 'n opdrag van God wat ons nie mag verontagsaam nie.

(Daar is 'n klop aan die deur. Josef staan op en gaan na buite toe. Hy praat saggies met die herders buite en nooi hulle in.)

Josef: Maria, hier is 'n klompie skaapwagters van Judea. Hulle sê hulle weet van die kindjie wat vannag gebore is en hulle wil Hom graag sien. Is dit reg so met jou?

Maria: Dit is heeltemal reg so, maar ek wonder hoe het hulle geweet van die kindjie?

(Soos die skaapwagters binnekom, sing hulle en Josef en Maria Gesang 348: 1 – Stille nag... – en daarna sing die gemeente verse 2 en 3.)

Maria: Hoe het julle geweet van my kindjie se geboorte en dat julle ons hier sal kry?

Skaapwagter 1: Ons was vannag in die veld besig om ons skape op te pas. Skielik was daar 'n engel van die Here tussen ons.

Skaapwagter 2: En die engel sê toe vir ons: Vandag is daar vir julle in die stad van Dawid die Verlosser gebore.

Skaapwagter 3: En hy sê toe nog verder: Dit is vir julle die teken: Julle sal 'n kindjie vind wat in doeke toegedraai is en in 'n krip lê.

Skaapwagter 4: En toe was daar skielik baie engele uit die hemel wat saamgesing het en God geprys het: Eer aan God in die hoogste hemel, vrede op aarde vir die mense vir wie Hy lief is.

Maria: Dan is dit so: Hy is waarlik die Seun van God.

Skaapwagter 1: Ons kan nie vir julle sê hoeveel blydschap daar in elkeen van ons se harte is nie!

Gemeente sing Gesang 344: 1-3: O, die goeie tyding...
(Tydens die lied verlaat die skaapwagters die toneel.)

Toneel 4

Maria en Josef en die sterrekykers – Matteus 2: 1-12

Josef: Maria, ons sal in 'n stadium moet teruggaan na ons eie dorp, Nasaret, toe. Ons is nou al 'n hele rukkie hier, en daar is baie houtwerk wat vir my wag. Ek wil ook nog vir ons eie huis 'n klompie meubels maak.

Maria: Dit is goed so, Josef. Die kindjie is darem nou al baie sterker. Hy sal die terugtog nie so vermoeiend vind nie.

(Daar is 'n klop aan die deur. Josef stap nader. Die sterrekykers uit die ooste stap binne met geskenke.)

Josef: *Dit lyk vir my asof julle vreemdelinge in die land is.*

Sterrekyker 1: *Ons is sterrekykers uit die ooste, baie ver van hier.*

Sterrekyker 2: *Ons is hier as gevolg van hierdie kindjie. Hy is die Koning van die Jode. Ons het sy ster sien opkom en ons het al die pad gereis om aan Hom eer te kom bewys.*

Sterrekyker 1: *Volgens jul priesters het een van jul profete, Miga, lank gelede al gesê dat die Messias in Betlehem gebore sal word.*

Maria: *Ja, julle is reg. Hy is die Koning van die Jode – die Christus wat die Lig vir die wêreld is.*

(Die sterrekykers kniel voor Jesus en sit geskenke voor Hom neer.)

Sing Gesang 340: 1-3: *Ons kom loof die Jesus-kind...*

(Vers 1 kan die sterrekykers sing en vers 2 en 3 die hele gemeente.)

Dankgebed vir die koms van Jesus:

(Die gebed kan deur een van die sterrekykers of deur die predikant gedoen word.)

(Sterrekykers verlaat die toneel.)

Gemeente sing Gesang 370: 1- 3: *Eng'le uit die hoogste hemel...*

(Groepe wat tydens die stuk opgetree het, kom telkens in wanneer daar oor hulle gesing word:

Vers 1: Engele

Vers 2: Herders

Vers 3: Sterrekykers)

(Die predikant kan nou 'n kort boodskap lewer oor die betekenis van Kersfees.)

Slotsang: Gesang 345: 1-4: *Kom alle getroues...*

(Dit kan in beurtsang gesing word.)

Predikant: Seën

Gesang 358:1-3: *Welkom o stille nag van vrede...* (as uitdrukking van ons afwagting vir die viering van Kersfees)